

# KWARTAAL 2

Week 11 en 12

## Bobaas Afrikaans!

Aktiwiteit 35: Van gesprek tot onderhoud...

Aktiwiteit 36: Die skryf van 'n onderhoud

### Aktiwiteit 37: Verskillende taalvariëteite

#### *Vrae en voorgestelde antwoorde*

##### *Teks 1*

1. Hoe skakel die titel met die inhoud van die teks? Verduidelik volledig.  
**Dit wat in aanhalingstekens in die titel is, word in paragraaf 1 herhaal en deur alleenplasing uitgehef.**
2. Leerders bestudeer paragraaf 1 noukeurig.
  - 2.1 Word die woorde *lekkerste bek* letterlik of figuurlik bedoel? Motiveer.  
**Dit word figuurlik bedoel, want dit verwys na haar spraakvermoë en taalgebruik.**
  - 2.2 By watter bekende spreekwoord sluit dié woorde aan?  
**Dit sluit by die woorde *so 'n bek moet jam kry aan*.**
3. Wat dink jy is van die kriteria wat geld om die beste taalgebruiker aan te wys?  
**Leerders kan hulle eie mening gee. Oorspronklikheid of uniekheid moet een van die kriteria wees.**
4. Leerders dui die progressie ten opsigte van die kompetisie aan en verduidelik.  
**Daar is eers op skoolvlak 'n kompetisie gehou. Daarna is op streekvlak meegeding. Dan het die onderskeie streke meegeding om te bepaal wie die beste in die provinsie is en uiteindelik is die landswye finaal gehou om te bepaal wie die wenner van die eindronde is.**
5. "...met Alida die wenner van die Esté Coetzee-wisseltrofee" (paragraaf 4).
  - 5.1 Wat is 'n wisseltrofee?  
**Dit is 'n trofee wat na afloop van die kompetisie weer aan die nuwe wenner gegee word.**
  - 5.2 Skryf die meervoud van die woord *wisseltrofee* neer. **Wisseltrofeë.**
6. Leerders gee 'n gepaste sinoniem vir die woord *redenaars* (paragraaf 4). **Orators.**
7. Waarom staan koffie as 'n *trekseltjie witgat* in die Hantam bekend?  
**Koffie word gemaak van die wortels van die witgatboom. Koffie moet gewoonlik eers trek, vandaar die woord *trekseltjie*.**
8. Leerders gee 'n ander woord vir die woord *uniek* in paragraaf 8. **Eiesoortig.**
9. Paragraaf 8 het 'n universele toepassing. Verduidelik dié stelling.  
**Dit maak nie saak watter dialek ons praat nie, ons moet trots wees op ons taal.**

10. Leerders verduidelik wat *historiografie* (paragraaf 10) beteken.

**Die kuns van geskiedenis te beskryf, word historiografie genoem.**

*Teks 2*

11. Na watter era verwys die woorde *goeie ou dae* (paragraaf 1)?

**Na die vroeëre tydperk voor kettingwinkels.**

12. Na wie verwys die woord *lannies*?

**Dit verwys na die belangrike mense.**

13. Volksetimologie is wanneer 'n woord verdraai word om by die taal van gebruik se klanksisteem aan te pas. Leerders skryf twee woorde as voorbeelde uit paragraaf 2 neer en dui daarnaas die Afrikaans en Engelse weergawes aan.

**Die woord *kêfie* kom van die Engelse woord *café*. Die Afrikaanse weergawe is kafee. Die woord *baaiskoop* kom van die Engelse woord *bioscope*. Die Afrikaanse weergawe is bioskoop.**

14. Hierdie loslit-taal bevat nie net Afrikaans en Engelse woorde nie, maar ook unieke woorde eie aan dié dialek. Bewys die stelling deur voorbeeldwoorde uit die teks aan te haal.

**Leerders haal woorde uit die teks aan. Voorbeeldantwoord:**

**Engels: bubblegum, important, ensovoorts**

**Afrikaans: vingers, instap, ensovoorts**

**Dialek: boufie, waks, lannies, ensovoorts.**

### **Aktiwiteit 38: Loslit-Afrikaans!**

***Vrae en voorgestelde antwoorde***

*Teks 1*

1. Leerders bestudeer die titel van die teks.

1.1 Watter suggestie lê daar verskuil in die titel? (1)

**Dat loslit-Afrikaans ook 'n plek het en as taal erken moet word. (1)**

1.2 Met watter woorde in die teks hou dit direk verband mee? (1)

**Dit hou direk verband met die woorde *welkome indringers* (paragraaf 6). (1)**

2. Waarna verwys “op vier channels of net op een” (paragraaf 1)? (1)

**Dit verwys daarna dat Afrikaans op vier televisiekanale gehoor word of net op een. (1)**

3. Wat beteken die woord *gewietie* (paragraaf 2) en hoe het jy dié afleiding gemaak? (2)

**Gepraat. (1) Het dit binne sinskonteks afgelei. (1) (2)**

4. Watter *verhewe status* het Afrikaans onder die vorige regering gehad? Verduidelik. (2)

**Daar was slegs twee amptelike tale waarvan Afrikaans een was. (2)**

5. “... mens dwing nie mense om 'n taal te respekteer nie” (paragraaf 3).

5.1 Waarom kan 'n mens nie iemand dwing om 'n taal te respekteer nie? (1)

**Respek is 'n emosie en mens kan nie 'n emosie afdwing nie. (1)**

5.2 Watter woord word in dié paragraaf herhaal wat beklemtoon hoe respek verkry word?  
(1)

**Natuurlik.** (1)

6. Leerders gee die teenoorgestelde van die woord *optimisme* in paragraaf 4. (1)

**Pessimisme.** (1)

7. 'n Oudkollega van Soweto sê die ander dag selfverwytend: "Ek is spyt dat ek nie Afrikaans 'gemaster' het voordat ek in exile gegaan het nie..." (paragraaf 4)

7.1 Watter twee woorde in bostaande hou direk verband? (2)

**Die woorde selfverwyt en spyt.** (2)

7.2 Waarom word die woord 'gemaster' in enkel aanhalingstekens geskryf? (1)

**Dit is 'n aanhaling binne 'n aanhaling.** (1)

7.3 Leerders gee Standaardafrikaans vir *gemaster* en *exile*. (2)

**Bemeester (1) en ballingskap (1).** (2)

8. Leerders doen naslaanwerk en bepaal die verskil tussen *Scamto* en *Tsotsitaal*. (2)

**Tsotsitaal het Afrikaans as basis en dit kan dus redelik deur Afrikaanssprekendes verstaan word. Scamto het 'n swarttaal (Zoeloe) as basis en kan slegs deur swarttaalsprekers verstaan word.** (2)

*Teks 2*

9. Leerders skryf die titel in Standaardafrikaans oor. (1)

**Hardloop, ou suinig wil iemand met die mes steek!** (1)

10. Waarom sou *Tsotsitaal* Afrikaanssprekendes verwar? (1)

**Daar is baie woorde wat herkenbaar is, maar hulle het ander betekenis.** (1)

11. Watter suggestie lê verskuil in die woorde "n Luisgat is iemand wat altyd sê hy het nie geld nie." (paragraaf 5). (2)

**Hy sê hy het nie geld nie. Dit suggereer dat hy dalk nie die waarheid praat nie. Dit suggereer dat hy eintlik suinig is, nie sonder geld nie.** (2)

12. Leerders verduidelik wat die professor se taak is as hy die *registrateur: akademies* (paragraaf 7) is. (2)

**Hy werk onder die rektor en neem administratiewe leiding van die akademiese afdeling.** (2)

13. Waarom sou *sjebiens, troues en begrafnisse* (paragraaf 10) baie inligting oplewer? (1)

**Dit is bymekaarkomplekke en sal dus baie inligting aangaande die taal oplewer.** (1)

14. Wat is 'n *sjebien* (paragraaf 10)? (1)

**Smokkelkroeg.** (1)

[25]

Aktiwiteit 39: Studie van die letterkunde – roman

## **Aktiwiteit 40: Troetelname – 'n geïntegreerde lees-, kyk- en taaloefening**

### **Vrae en voorgestelde antwoorde**

1. Die illustrasie by die teks is van toepassing.
  - 1.1 Watter verband is daar tussen die illustrasie en die teks?  
**Die teks handel oor oordrewe gebruik van troetelnaampies en in die prentjie is daar 'n oordrewe gebruik van troetelnaampies.**
  - 1.2 Watter verband is daar tussen die inhoud en die visuele uitbeelding van die praatborrel?  
**Die raampie om die praatborrel is vol hartjies en blommetjies en dit sluit aan by die inhoud van die man se soetsappige woorde.**
  - 1.3 Leerders beskryf die vroujie se gesigsuitdrukking met een woord.  
**Ingenome / selftevrede / gelukkig.**
2. Leerders bestudeer paragraaf 1 noukeurig.
  - 2.1 Watter woord in dié paragraaf word uitgehef?  
**Die woord VLERKSLEEP word uitgehef deur die gebruik van hoofletters.**
  - 2.2 Waarom word dié woord uitgehef?  
**Die teks handel oor vlerksleep en dit vestig die aandag daarop. Dit benadruk dié woord wat sentraal in die teks staan.**
  - 2.3 Leerders gee die betekenis van die woord weer.  
**Dit beteken die hof maak en na iemand vry.**
3. Wat beteken die idiomatiese benaming *rooihakskeen* (paragraaf 2)?  
**Iemand wat in die teenoorgestelde geslag belang stel ('n jong verliefde persoon).**
4. Die woord *oupa* word in paragraaf 3 gebruik. Leerders skryf die volgende sin oor en korrigeer ten opsigte van dié woord waar nodig.  
**Kinders moet hul oupas respekteer. As Oupa kom kuier, groet ons hom altyd beleef.**
5. Leerders gebruik die bepaler van die woord *worsbroodjie* (paragraaf 4) as 'n kern in 'n samestelling.  
**Enige woord met *wors* as kern in 'n samestelling: spekwors, boerewors, ensovoorts.**
6. Die woord *vol* (paragraaf 4) is van toepassing. Leerders gee die korrekte intensiewe vorm van dié woord in die volgende sinne:
  - 6.1 Die saal was (**stampvol**) mense wat kom luister het hoe 'n mens van 'n seer hart kan genees.
  - 6.2 Daar was heerlike eetgoed en hy het sy mond (**propvol**) lekkernye gestop.
7. Gee die verkleining van die woorde tussen hakies in die volgende sin:
  - 7.1 Dit is maar die klein (**slaggatjies**) (paragraaf 4) waarin mens gewoonlik niksvermoedend trap.
  - 7.2 Almal kom maar dié troetelnaampies tee op die gebaande (**liefdesweggies**) wat ons volg.
8. Uit watter twee woorde is die woord *niksseggende* (paragraaf 4) saamgestel?  
**Niks + sê.**

9. Leerders gee een woord vir *geykte* (paragraaf 7) uitdrukking. **Clichés.**
10. Die woord *kontemporêr* (paragraaf 7) het betrekking.
- 10.1 Leerders gee 'n sinoniem vir dié woord uit die teks.  
**Eietydse** (paragraaf 5).
- 10.2 Leerders gee 'n antoniem vir dié woord uit die teks.  
**Ouderwetse** (paragraaf 5).
11. Leerders haal 'n voorbeeld van 'n neologisme (nuutskeping) uit die teks aan. **Laserskyf** (paragraaf 7).
12. Leerders gee die korrekte vorm van die woorde tussen hakies:
- 12.1 Die (**aangesprokenes**) (paragraaf 8) gebruik heel waarskynlik ook dié liefdeswoordjies wat in die teks gebruik word.
- 12.2 Selfs net die (**gedagte**) (paragraaf 3) aan die oordrewe gebruik van troetelnaampies vervul 'n mens met weersin.
13. Leerders onderskei deur middel van goeie sinne tussen *erken* (paragraaf 9) en *herken*.  
**Ek het hom na al die jare steeds herken. Ek erken dat ek 'n fout gemaak het.**
14. Leerders gee die intensiewe vorm van die woord tussen hakies in die volgende sin:  
Dit was 'n (**ellelange**) (paragraaf 10) gesprek oor die gebruik van troetelnaampies.
15. Die woord *kwyd* word twee keer in die teks gebruik. In paragraaf 3 word *om iets kwyt te raak* gebruik wat beteken om iets daaroor te sê. In paragraaf 11 word die uitdrukking *die kluts skoon kwyt is* gebruik wat beteken om heeltemal gek te wees. Leerders gebruik nou die woord *kwyd* in 'n ander betekenisverband as in bostaande.  
**Hy kwyt hom goed van sy taak.**
16. Leerders gee die vergrotende of oortreffende trap van die woorde tussen hakies in die volgende sinne:
- 16.1 Dit is die (**vasste**) (paragraaf 1) wat ek die druppende kraan kan toedraai.
- 16.2 Sy broer is laf en gebruik soms troetelnaampies, maar sy is (**lawwer**) (paragraaf 11) as hy en gebruik dit gereeld.
17. Leerders gee 'n sinoniem vir die woord *kontinente* (paragraaf 12). **Vastelande.**

**Week 13 en 14**

## **Afrikaans se vele baadjies**

Aktiwiteit 41: Van Nederlands tot Flaaitaal!

Aktiwiteit 42: Paneelbespreking

### **Aktiwiteit 43: Maak 'n opsomming**

#### ***Voorgestelde antwoord***

Die volgende hoofgedagtes moet in die opsomming opgeneem word:

- 1. Van die vroegste tye af is juwele deel van 'n vrou se psige.**
- 2. Antieke juwele doen goed op veilings.**
- 3. Die vervaardiging deur kwaliteit vakmanne was tydrowend en was juweliersware van die hoogste gehalte.**
- 4. Vroue vind hierdie juwele misterieus.**
- 5. Die uniekheid daaraan verbonde maak elke antieke juweelstuk baie aanloklik.**
- 6. Hierdie juwele is op bestelling gemaak en nie in groot maat vervaardig nie.**
- 7. Hierdie juweliersware is enig in hulle soort.**
- 8. Hierdie antieke juwele is pragtig en het beleggingswaarde.**

**Aantal woorde: 84**

Aktiwiteit 44: Die studie van die letterkunde – roman

Aktiwiteit 45: Wanneer is goed, góéd?

### **Aktiwiteit 46: Beoordeling van 'n skryfstuk**

Die onderwyser kan die onderstaande twee skryfstukke kopieer of gebruik dit op die projekteerder. Sien dit saam met die leerders na.

## Skryfstuk 1

### Gelukskoot!

Ons het vroeg opgestaan, want ons wou gaan jag. Ons het al ons jag gereedskap bymekaargesit en die bakie gepak. Daarna het ons eers koffie gedrink voordat ons in die pad gevat het.

Toe ons daar aankom, het ons kamp opgeslaan en toe na die wild gaan soek. Die spoorsnyer het vir ons gaan wys waar hy gister die bokke gesien wy het. Ons het toe tot daar geloop maar daar was niks te siene nie.

Ons het besluit om in 'n ander rigting te stap om die bokke te gaan soek. Ons was laater moeg gestap en het gestop om koeldrank te drink. Skierlik hoor ons takke kraak. Ons skrik ons boeglam, want ons dog dis 'n leeu maar dit was toe al die tyd 'n rooibok wat so 'n end in die digte bos gestaan het.

My pa sê toe dat ek moet aanlê en skiet. Ek het die geweer teen my skouer gedruk, gekorrel en die sneller getrek. Ons het 'n harde slag gehoor en nader gestorm. Toe ons by die bok kom, is dit al die tyd toe 'n leeu.

So het ek my eerste gelukskoot met 'n leeu getref. Ek kon my ore nie glo nie. Ek was in die hemel. Ek het nog nooit so 'n lekker dag geaad nie.

\* \* \*

## Skryfstuk 2

### Gelukskoot!

Die piet-my-vrou sing sy laaste gesang voor die son met die maan skofte ruil. Die son begin oor die koppies loer en laat sy aangesig oor die paradys van Afrika - die Bosveld - skyn. Met 'n paar knewels boerbeskuit en 'n koppie boeretroos in die hand stil ons vir eers die hongerpyne.

Oomblikke later beleef ons die Bosveld-habitat van kameeldoring, mopanie, maroela, kremetart en stamvrug. Op soek na 'n pragtrofee stap ons tree vir tree in doodse stilte. Die ure gaan verby, maar die wild bly soek.

Eensklaps. Deur die mik van 'n mopanie gewaar ek hom. Ongeveer sewentig meter weg by 'n kameeldoring staan hy. Een met rekordhorings. 'n Pragtrofee. Met trots tuur hy oor sy koeie. Fors en statig soos die maanhaar oor sy koninkryk.

Die verdomde kwêvoël ('n nagmerrie vir enige grootwildjagter) skreeu sy afskuwelike, waarskuwende skree en ek moet toekyk hoe koedoe se kind weghardloop.

Hardloop...

Hardloop...

Verdwyn...

Die soektog begin weer. Moedeloosheid wil oorneem. Van die grote is daar geen spoor nie. Laatmiddag toe die son wil neskop in die weste, gewaar die spoorsnyer vars spore. Ons agtervolg die hoefafdrukke in die sand en siedaar. Trots en regop staan hy daar. 'n Prototipe van God se handwerk. Ek korrel sekuur. My vinger bewe as ek die sneller trek. Die dowwe klank van 'n raakskoot klief die Bosveldstilte. Die koedoe sak in sy vier spore neer.

Voor die son finaal die dag groet, kom ons by die kamp aan. Vol vreugde en met blydschap word die sukses gevier. Die dag is verby. Die laaste kooltjies gloei in die donkerte. Die maan hang soos 'n sekel hoog bo mopanie en kremetart. Die piet-my-vrou groet vir eers en die Bosveld sê: "Goeienag."



## Aktiwiteit 47: Waag jou hand aan die pen

### Taalstrukture en -konvensies: Toets

#### Memorandum van toets

#### Vraag 1: Taalverskynsels

Pas die korrekte antwoorde in kolom A en B bymekaar deur die korrekte nommer in die oop kolom te skryf:

Kolom A	Korrekte nommer	Kolom B
1. Tonteldoos	9	A. Toutologie
2. Woefkardoes	6	B. Analogie
3. Binnevet van die boud	10	C. Klanknabootsing
4. Verammuseer	8	D. Leenwoord uit Afrikataal
5. Garage	7	E. Pleonasme
6. Geverstaan	3	F. Volksetimologie
7. Dood verongeluk	4	G. Kontaminasie
8. Indoena	1	H. Verouderde vorm
9. Brakhond	2	I. Nuutskepping
10. Bokmakierie	5	J. Leenwoord uit Frans

(10)

#### Vraag 2: Sinonieme

Gee die sinoniem van die vetgedrukte woord:

- Die **toejuiging** van die rugbyskare was oorverdowend toe die Springbokke die wendrie aanteken. **Applous.**
- Die tennisspeler was **aanmatigend** en het met die lynregter geargumenteer. **Arrogant.**
- Die beroepspeler se **salaris** word deur die komitee bepaal. **Besoldiging.**
- Die **afripter** het die sokkerspelers aangespoor tot 'n groot oorwinning. **Breier.**
- Die jong sanger wat die kompetisie gewen het, kon nie die **roem** hanteer nie. **Faam.**

(5)

#### Vraag 3: Antonieme

Gee die antoniem van die vetgedrukte woord:

- Dit was nie 'n **amateuragtige** vertoning nie, maar dit was uiters **professioneel.**
- Die onervare speler lyk nog nie **behendig** met die raket nie, maar wel **onhandig.**
- Die sportster was 'n **introvert** en kon nie gemaklik in die onderhoud gesels soos 'n **ekstrovert** nie.
- Die span wat verloor het, was **grootmoedig** en nie **kleinsielig** nie en het die wenspan skouerhoog van die veld gedra.
- Dit was nie 'n **opsionele** werkopdrag nie, maar wel **verpligtend.**

(5)

#### Vraag 4: Homofone

Kies die korrekte homofoon en omkring dit duidelik:

1. Die landlooproete se opdraande is (styl / **steil**). Haar hare is (styl / **steil**) (reguit). Haar hare is in 'n sekere (**styl** / steil) gesny.
2. Die regter (**vel** / fel) 'n vonnis. Hy (**vel** / fel) die boom neer (afkap). Die sonstrale brand (vel / **fel**) en is baie skerp.
3. Ons (**vier** / fier) die span se oorwinning. Die wenner loop (vier / **fier**) en regop.
4. Die ondersteuners (**vlei** / vly) die spelers wat die wêreldbeker gewen het en sê hoe goed hulle gespeel het. Die vryer (vlei / **vly**) sy meisie op die gras neer (saggies neerlê). Die gholfspeler slaan die bal tot in die (vly / **vlei**).
5. Die speler wat laat is, vertel 'n (**leuen** / leun) vir die afrigter. Hy (leuen / **leun**) (lê) teen die rugbypaal.

(13)

#### Vraag 5: Doeblette en paronieme

Kies die korrekte woord tussen hakies:

1. Die jagter (**kwes** / kwets) die bok.
2. Die afrigter (**prakseer** / praktiseer) 'n plan om die opponente te troef.
3. Die (geestige / **geestelike**) gesprekke wat met die span gevoer word, versterk hulle innerlik.
4. Die (kliënt / **klant**) koop by die winkel.
5. Dit is (**te wyte aan** / te danke aan) die ongedissiplineerde gedrag van die spelers dat hulle verloor het.

(5)

#### Vraag 6: Idiome

Voltooi die volgende idiome wat rym en skryf die verklaring daarvan neer:

1. Hy is ommer as 'n **brommer. Hy is buitengewoon bekwaam en baie slim.**
2. Woorde wék maar **voorbeelde trek. Om 'n voorbeeld te stel is beter as om daaroor te praat.**

(4)

3. Leerders skryf die idioom en sy verklaring neer:

3.1 Onder sy duim hou. (1) Hou hom in bedwang. (1)

3.2 Skouer aan die wiel sit. (1) Hard werk. (1)

3.3 Vis op droë grond. (1) Hy probeer tevergeefs by my die geheim uitvind. (1)

3.4 Hulle is kop in een mus. (1) Hulle sweer saam. (1)

(8)

Totaal: 50

### Informele assessering: Betekenisleer en taalverskynsels

Naam van leerder: \_\_\_\_\_ Datum van assessering: \_\_\_\_\_

#### Vraag 1: Taalverskynsels

Pas die korrekte antwoorde in kolom A en B bymekaar deur die korrekte nommer in die oop kolom te skryf:

Kolom A	Korrekte nommer	Kolom B
1. Tonteldoos		A. Toutologie
2. Woefkardoes		B. Analogie
3. Binnevet van die boud		C. Klanknabootsing
4. Verammuseer		D. Leenwoord uit Afrikataal
5. Garage		E. Pleonasme
6. Geverstaan		F. Volksetimologie
7. Dood verongeluk		G. Kontaminasie
8. Indoena		H. Verouderde vorm
9. Brakhond		I. Nuutskepping
10. Bokmakierie		J. Leenwoord uit Frans

(10)

#### Vraag 2: Sinonieme

Gee die sinoniem van die vetgedrukte woord:

1. Die **toejuiging** van die rugbyskare was oorverdowend toe die Springbokke die wendrie aanteken.

\_\_\_\_\_

2. Die tennisspeler was **aanmatigend** en het met die lynregter geargumenteer.

\_\_\_\_\_

3. Die beroepspeler se **salaris** word deur die komitee bepaal.

\_\_\_\_\_

4. Die **afrigter** het die sokkerspelers aangespoor tot 'n groot oorwinning.

\_\_\_\_\_

5. Die jong sanger wat die kompetisie gewen het, kon nie die **roem** hanteer nie.

\_\_\_\_\_

(5)

### Vraag 3: Antonieme

Gee die antoniem van die vetgedrukte woord:

1. Dit was nie 'n **amateuragtige** vertoning nie, maar dit was uiters \_\_\_\_\_.
2. Die onervare speler lyk nog nie **behendig** met die raket nie, maar wel \_\_\_\_\_.
3. Die sportster was 'n **introvert** en kon nie gemaklik in die onderhoud gesels soos 'n \_\_\_\_\_ nie.
4. Die span wat verloor het, was **grootmoedig** en nie \_\_\_\_\_ nie en het die wenspan skouerhoog van die veld gedra.
5. Dit was nie 'n \_\_\_\_\_ werkopdrag nie, maar wel **verplichtend**.

(5)

### Vraag 4: Homofone

Kies die korrekte homofoon en omkring dit duidelik:

1. Die landlooproete se opdraande is (styl / steil). Haar hare is (styl / steil) (reguit). Haar hare is in 'n sekere (styl / steil) gesny.
2. Die regter (vel / fel) 'n vonnis. Hy (vel / fel) die boom neer (afkap). Die sonstrale brand (vel / fel) en is baie skerp.
3. Ons (vier / fier) die span se oorwinning. Die wenner loop (vier / fier) en regop.
4. Die ondersteuners (vlei / vly) die spelers wat die wêreldbeker gewen het en sê hoe goed hulle gespeel het. Die vryer (vlei / vly) sy meisie op die gras neer. Die gholfspeler slaan die bal tot in die (vly / vlei).
5. Die speler wat laat is, vertel 'n (leuen / leun) vir die afrigter. Hy (leuen / leun) teen die rugbypaal.

(13)

### Vraag 5: Doeblende en paronieme

Kies die korrekte woord tussen hakies en omkring dit duidelik:

1. Die jagter (kwes / kwets) die bok.
2. Die afrigter (prakseer / praktiseer) 'n plan om die opponente te troef.
3. Die (geestige / geestelike) gesprekke wat met die span gevoer word, versterk hulle innerlik.
4. Die (kliënt / klant) koop by die winkel.
5. Dit is (te wyte aan / te danke aan) die ongedissiplineerde gedrag van die spelers dat hulle verloor het.

(5)

### Vraag 6: Idiome

Voltooi die volgende idiome wat rym en skryf die verklaring daarvan neer:

1. Hy is ommer as 'n...

---

---



2. Woorde wek, maar...

---

---

(4)

3. Bestudeer die volgende idiome wat uitgebeeld word. Skryf die idioom en sy verklaring neer.



3.1 \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

3.2 \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

3.3 \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

3.4 \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

(8)

Totaal: 50

## Aktiwiteit 48: Woordeskatuitbreiding

### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Met watter paragraaf skakel dié titel direk? **Paragraaf 8.**
2. Wat beteken die spreekwoord *'n wit olifant*?  
**'n Lastige besitting wat van weinig nut is en hoë onderhoudskoste vereis.**
3. Leerders verklaar die titel van die teks.  
**Dié boek gaan beslis bruikbaar en nuttig wees.**
4. Paragraaf 2 begin met 'n onvoltooide sin. Leerders skryf dié sin volledig oor.  
**Het jy gedink...**
5. Gee die teenoorgestelde betekenis van die woord *nuttige* (paragraaf 2).  
**Nuttelose.**
6. Gee die korrekte vorm van die woord *mistiek* (paragraaf 2) in die volgende sin:  
Hy is (**misterieus**) – eintlik geheimsinnig – en mens weet nooit wat hy in die mou voer nie.
7. Wat beteken die uitdrukking om die *kloutjie by die oor* (paragraaf 3) te bring?  
**Gesê van 'n poging om 'n storie geloofwaardig te laat klink of om teenstrydighede in 'n situasie te versoen, te laat rym.**
8. Leerders maak 'n goeie sin met die homofoon van *geskiet* (paragraaf 3).  
**Dit het in die goeie ou dae geskied.**
9. Die idiomatiese benaming *Jan en alleman* word in paragraaf 4 gebruik. Dit beteken die deursneepersoon. Gee die verklarings van die volgende:
  - 9.1 Jan Burger – **Gewone burger**
  - 9.2 Jan Kalbas – **Sukkelaar**
  - 9.3 Jan Laventel – **Opgetooide spoggerige aangetrekte kêrel**
  - 9.4 Jan Publiek – **Die groot massa**
  - 9.5 Jan Taks – **Belastinggaarder.**
10. Die idiomatiese vergelyking *so skaars soos hoendertande* word in paragraaf 4 gebruik. Voltooi die volgende idiomatiese vergelykings:
  - 10.1 so doof soos 'n **kwartel**
  - 10.2 so gereeld soos **klokslag.**
11. Leerders gebruik die woord *roer* (paragraaf 4) in 'n ander betekenisverband as in die teks.  
**Die boer skiet met sy roer.**
12. Skryf die basiswoorde (stamme) van die woord *oorspronklike* (paragraaf 4) neer.  
**oor + spring**
13. Die woord *in* word in paragraaf 4 as 'n voorsetsel gebruik. Gebruik nou dié woord as 'n werkwoord in 'n goeie sin.  
**Hy in fondse vir die organisasie.**
14. Die woord *spreekwoord* (paragraaf 6) het betrekking. Geen die korrekte vorm van dié woord in die volgende sinne:

- 14.1 Die man is gevat en ken al die komiese (**spreuke**).
- 14.2 Aan die vrou se (**uitspraak**) weet mens sy kom van Namakwaland af.
- 14.3 As dié inligting ter (**sprake**) kom, is hy in die moeilikheid.
- 14.4 Hy het niks te sê gehad nie, hy (**sprak**) geen sprook.
- 14.5 Hy was (**sprakeloos**) toe hy hoor dat hy die miljoen gewen het.
15. Gee die korrekte vorm van die woord *gery* (paragraaf 6) in die volgende sinne:
- 15.1 Die (**berede**) polisie het die strand gepatrolleer.
- 15.2 Die (**reis**) was voorspoedig en hulle het veilig by hulle bestemming uitgekóm.
16. Gee een woord vir *die herkoms van woorde* (paragraaf 7).
- Etimologie.**
17. Gebruik analogie en vorm nog woorde na die voorbeeld van *howeling* (paragraaf 8).
- Enige -eling woorde: hemeling, suigeling, ensovoorts.**
18. Gebruik die homofoon van die woord *vermy* (paragraaf 8) in 'n goeie sin.
- Enige goeie sin met vermei: Hy vermei hom in die natuurskoon.**

## **Aktiwiteit 49: Idiomatiese benaminge**

### ***Voorgestelde antwoorde***

Amasone – mannetjiesvrou  
 Belhamel – iemand wat die voortou neem met kwajongstreke  
 Bittereinder – iemand wat tot die einde toe volhard  
 Blikoor – Vrystater  
 Blinkoog – vryerige persoon  
 Botterkop – dom persoon  
 Derdemannetjie – ongewenste persoon by verliefdes  
 Draadsitter – kies nie openlik kant nie  
 Don Juan – verleier, onweerstandbare minnaar  
 Delila – verleidster  
 Geitjie – kwaai persoon  
 Ghoeroe – deskundige  
 Ghwar – onbeskaafde vent  
 Herkules – baie sterk man  
 Iesegrim – stuurs en suur persoon  
 Ietermagô – lelike persoon  
 Jabroer – iemand wat met almal saamstem  
 Jan Publiek – gewone mens  
 Kaaskop – Hollander of stommerik  
 Krielhaantjie – baie klein persoon  
 Kripvreter – staatsdiensamptenaar  
 Lieplapper – niksbeduidende persoon  
 Manteldraaier – verander sy opinie soos dit hom pas  
 Penkop – onervare jong persoon  
 Pierewaaier – iemand wat jol, rinkink, fuif  
 Remskoek – iemand wat 'n saak vertraag  
 Smulpaap – hou van baie en lekker eet  
 Snoeshaan – grootprater  
 Sondebok – iemand op wie die skuld van ander gelaai word

Tweestertjakkals – geveinsde persoon  
Uilskuiken – domkop of dwaas  
Vuurvreter – persoon wat die saak tot die uiterste probeer voer  
Weerwolf – paaiboelie, 'n woeste mens  
Windorrel – praatsieke persoon  
Wolbroer – inwoner van die Kaapprovinsie

Die volgende idiomatiese benaminge kan as verryking aan die leerders gegee word.

Agterryer – persoon wat vir ander vernederende dinge doen  
Apollo – besonder mooi man  
Asjas – deugniet of niksnuts  
Demosthenes – goeie redenaar  
Dorkas – liefdadige vrou  
Harmansdrup – tydsame persoon  
Heintjiekop – duiwel  
Jan Kalbas – verspotte lawwe persoon  
Jansalie – papbroekige persoon  
Japie – eenvoudige persoon  
Jobstrooster – 'n trooster wat nie opbeur nie  
Judas – verraaier  
Knapsakboertjie – iemand wat op klein skaal boer  
Metusalem – baie ou persoon  
Midas – gierigaard  
Ringkop – ervare persoon  
Rouriem – onervare persoon  
Sloerie – slordige persoon  
Sondagskind – gelukkige persoon  
Tjekboekboer – ryk boer wat nie meer aktief boer nie  
Uilspieël – grapmaker of dwaas  
Xantippe – kyfagtige twissieke vrou

## **Aktiwiteit 50: Idiome in prente**

### ***Voorgestelde antwoorde***

1. Wys waar Dawid die wortels gegrawe (nie begrawe nie) het. (1) Wys hom dat hy sy meerdere is. (1)
2. As dit pap reën, moet jy skep. (1) Jy moet gebruik maak van elke geleentheid. (1)
3. Hy knip sy stertvere. / Om iemand se stertvere uit te pluk. (1) Om iemand sy mag te ontnem, om iemand te berispe. (1)
4. Hy praat uit twee monde. (1) Hy is vals, oneerlik. (1)
5. So skaars soos hoendertande. (1) Baie skaars. (1)
6. Die hond in die pot kry. (1) Te laat opdaag vir ete. / Ete is klaar bedien. (1)
7. Sy hande is afgekap. (1) Hy kan niks aan die saak doen nie. (1)
8. Bobbejaan het daar 'n kerie nodig. (1) Die pad is onbegaanbaar. (1)

[16]



## Aktiwiteit 51: Taalverskynsels

### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wat word deur die prentjie uitgebeeld?  
**Dit beeld uit dat Afrikaanssprekendes trots moet wees om Afrikaans te praat.**
2. Watter suggestie is daar reeds in die titel van dié teks?  
**Dat Standaardafrikaans nie in die teks gebruik gaan word nie, maar wel 'n loslit-Afrikaans.**
3. Die woord *verknel* (paragraaf 1) is deur kontaminasie gevorm. Leerders dui die twee woorde waaruit dit gevorm is, aan.  
**Verknies en kwel.**
4. Leerders haal twee voorbeelde van volksetimologie uit paragraaf 2 aan en dui aan hoe die woorde ontstaan het.  
**Kosmyniks is die grappige verwysing na *grimering*. Dit kom uit die Engelse woord *cosmetics*. Die woord *halsband* verwys na die Engelse *husband*.**
5. Skryf die woorddoortoligheid in paragraaf 3 neer.  
**Die woord *dooie by lyk* is oortollik. 'n Lyk is mos dood.**
6. Leerders haal onderskeidelik uit paragraaf 2 en 3 'n voorbeeld van toutologie aan en verduidelik.  
**In paragraaf 2 is die woord *kweekgras* 'n voorbeeld van toutologie. Die woorde *kweek* en *gras* het dieselfde betekenis. In paragraaf 3 is die woord *kinders* (dubbele meervoud) 'n voorbeeld van toutologie.**
7. Wat is *Engfrikaans* (paragraaf 4) en waarom kan dié woord ook as 'n voorbeeld van kontaminasie beskou word?  
**Dit is Afrikaans wat met Engelse woorde deurspek is. Dit is kontaminasie van die twee woorde *Engels* en *Afrikaans*. Engfrikaans word as taalbesmetting beskou.**
8. Bestudeer paragraaf 4 noukeurig.
  - 8.1 Haal voorbeelde van argaïese vorme aan.  
**Die woorde *steen des aanstoots* en *boesem* is voorbeelde van verouderde vorme.**
  - 8.2 Leerders gee 'n meer bekende woord vir *orkestreer*.  
**Bewerkstellig.**
  - 8.3 Die woorde *skokwekkend* en *verrinneweer* is voorbeelde van kontaminasie. Dui telkens aan uit watter twee woorde dit saamgestel is.  
**Die woord *skokwekkend* is saamgestel uit *skokkend* en *skrikwekkend*.  
Die woord *verrinneweer* is saamgestel uit *verniel* en *rinneweer* en ruïneer.**
9. Leerders verduidelik waarom die woord *om't ewe* as 'n verouderde vorm beskou kan word.  
**Dit kom van die Nederlandse woorde *om het ewe*.**
10. Daar is woorddoortoligheid in paragraaf 5. Haal aan en toon aan waarom dit as 'n pleonasme beskou kan word.  
**Die woord *hunkerende* is oortollik, want *hunkering* en *verlange* het dieselfde betekenis.**

11. Haal die twee klanknabootsende woorde uit paragraaf 6 aan.

**Ritssluiters en klots.**

12. Haal 'n woord uit die teks aan wat deur middel van analogie as taalwysigende mag gevorm is.

**Gebegrawe.**

## Week 15 en 16

# Maak die dier in jou wakker

### Aktiwiteit 52: Spoedlees

#### *Vrae en voorgestelde antwoorde*

1. Wie is die skrywer van die gedig aan die begin van die teks? (1)  
**Eugene Marais.** (1)
  2. Wie het tradisioneel die amateur-weerkunde beoefen? (1)  
**Die boere.** (1)
  3. Wie maak vandag seker dat die weervoorspelling elke uithoek van die land bereik? (1)  
**Media.** (1)
  4. Watter geloofwaardige voorspelling kan 'n droë bokkom maak? (1)  
**As “sweetdruppels” op die vissie verskyn, is die lug vogtig en kan dit reën.** (1)
  5. Watter dier kondig reën aan in die George-distrik? (1)  
**As die janblompadda kwaak.** (1)
  6. Watter voëltjie word by Malmesbury 'n mooiweersvoëltjie genoem? (1)  
**'n Lewerikie.** (1)
  7. “In die distrik George is die visarend vir seker 'n reënteken...”
    - 7.1 Wat word die roep van die visarend genoem? (1)  
**Die roep van Afrika.** (1)
    - 7.2 Gee die klanknabootsende naam vir die visarend. (1)  
**Oliekoek.** (1)
  8. Wat is die kenmerkendste geesteseienskappe van dié volk wat wag op reën? (1)  
**Hoop en geloof.** (1)
  9. Wat is die *suster* wat gekom het? (1)  
**Die reën.** (1)
- [10]

### Aktiwiteit 53: Luidlees

### Aktiwiteit 54: Advertensies: van toeka tot nou ...

### Aktiwiteit 55: Bestudeer en ontleed 'n advertensie vir verryking

### Aktiwiteit 56: Seekoei in swembad – 'n lees-, kyk- en taaloefening

#### *Vrae en voorgestelde antwoorde*

1. Leerders bestudeer die illustrasie in die *Leerderboek* noukeurig.
  - 1.1 Waaruit kan jy aflei dat dié gebeure in die nag plaasgevind het? Noem twee sake.  
**Dit is donker. Die sterre en die maan skyn. Daar is 'n kollig op die seekoei.**
  - 1.2 Waar is hierdie woning geleë? Verskaf redes vir jou antwoord.

**Hierdie woning is in 'n beboste gebied waar daar wilde diere rondloop. Daar is baie bome in die agtergrond.**

2. Waardeur word die titel klankmatig versterk?

**Herhaling van die s-klank (ook die harde a-klank).**

3. Met watter paragraaf hou die titel direk verband? Motiveer jou antwoord.

**Die titel hou direk met paragraaf 6 verband. In dié paragraaf word beskryf hoe die teëls breek.**

4. Naby watter dorp en in watter streek het dié gebeure afgespeel?

**Hazyview in die Laeveld.**

5. Die seekoei het aanvanklik rustig in die swembad gelê. Met die hele leesstuk in gedagte, dui aan hoe die seekoei se gedrag verander het tot en met die einde.

**Die seekoei was eers senuweeagtig, maar later toe hy uit die swembad was, weer rustig.**

6. Watter twee emosioneel gelaaide (emotiewe) woorde in paragraaf 5 en 10 hou verband? Skryf die twee woorde neer.

**Dierasie (paragraaf 5) en ta (paragraaf 10).**

7. Gee die vroulike vorm van seekoei (subopskrif).

**Seekoeikoei.**

8. Die seekoei het elke keer met 'n groot geblaas probeer storm as hulle naby die swembad gekom het. Gee een woord vir *erg onthuts*, *ontsteld*, *senuweeagtig*.

**Verbouereerd.**

9. "Genis het 'n lig opgestel om hom eers te laat kalmeer." (paragraaf 8). Verduidelik hoedat dié sin dubbelsinnig geïnterpreteer kan word.

**Dit klink asof Genis die lig opgestel het om die seekoei te kalmeer.**

**Genis het eers iets anders gedoen (die lig opgestel) sodat die seekoei kan kalmeer.**

10. Watter enkele woord in Genis se direkte woorde dui aan dat hy dit geniet en waardeer om tussen die diere te bly.

**Voorreg.**

11. Watter twee woorde in paragraaf 10 dui op 'n skynbare teenstelling? Verduidelik.

**Die woorde *uitputtende oefeninkie* dui op 'n skynbare teenstelling. *Uitputtend (erg)* staan teenoor die verkleinwoord *oefeninkie* (min, gering).**

Aktiwiteit 57: Die studie van die letterkunde – gedigte

Aktiwiteit 58: Trefferkoppe (verryking)

**Aktiwiteit 59: Bestudeer en ontleed 'n koerantberig**

## **"Steeks" olifante red 12 toeriste voor vloedgolf**

Khao Lak. - Agt olifante se sensitiwiteit het sowat 12 toeriste se lewe in Thailand gered nadat die diere 'n voorgevoel oor die aankomende tsoenami-golwe gehad het.

Mnr. Dang Salagam, 'n olifantdrywer naby Khao Lak-strand, sê die olifante waarmee hy toeriste op besigtigingstoere neem, het onverwags na die beboste heuwels agter die oord begin hardloop.

Sowat 3 800 mense, waarvan ongeveer die helfte buitelanders was, het kort daarna by dié strandoord gesterf toe die tsoenami's die gebied getref het.

"Ek was verbaas omdat die olifante voorheen nog nooit so geskreeu het nie," het Salagam gister vertel.

Die olifante het met sonsopkoms glo begin trompetter, ongeveer op dieselfde tydstip toe 'n aardbewing met 'n lesing van 9 op die Richterskaal die seabodem op Indonesië se Soematra-eiland oopgeskeur het. Die olifante het kalm geword, maar 'n uur later weer onrustig geraak.

"Die olifante kon nie gerus gestel word nie. Hulle het reguit na die heuwels gemik," het mnr. Wit Aniwat, wat geld van die toeriste invorder, gesê.

Selfs die olifante wat nog vasgeketting was, het losgeruk en begin om weg te hardloop. "Dit is toe dat ons die groot brander sien kom en begin hardloop het," het Aniwat gesê.

Al die toeriste wat op die olifante gery het, is ongedeerd. - Reuters

Pieter du Toit

Uit *Beeld*, 3 Januarie 2005, bl. 4.

Aktiwiteit 60: Skryf 'n koerantberig

Aktiwiteit 61: My eie spellys

Aktiwiteit 62: 'n Breinkaart oor woordsoorte

### **Aktiwiteit 63: Pas woordsoorte bymekaar**

#### ***Voorgestelde antwoorde***

<b>Woordsoorte</b>	
<b>Byvoeglike naamwoorde</b> Kollektiewe Nypende Niksvermoedende Onooglike	<b>Tussenwerpsels</b> Eina Helaas
<b>Hulpwerkwoorde</b> Kan (van modaliteit) Het (van tyd)	<b>Koppelwerkwoorde</b> Blyk Heet Is
<b>Selfstandige werkwoorde</b> Opereer (onoorganklik) Bloos (onoorganklik) Maak (onoorganklik)	<b>Voornaamwoorde</b> Ons s'n (besitlik) Waarin (betreklik) Diegene (onbepaalde) Mekaar (wederkerig) Dié (aanwysende voornaamwoord)
<b>Bywoorde</b> Buitentoe (plek) Alvorens (tyd) Verreweg (graad) Werklik (modaliteit) Ruggelings (van wyse) Gereeld (tyd)	<b>Lidwoorde</b> Die De (verouderde vorm) 'n
<b>Voorsetsels</b> Aan By Met	<b>Telwoorde</b> Verskeie (onbepaalde hooftelwoord) Sewentigste (bepaalde rangtelwoord) Sewe (bepaalde hooftelwoord) Soveelste (onbepaalde rangtelwoord)
<b>Voegwoorde</b> Terwyl Desnieteenstaande Want	<b>Selfstandige naamwoorde</b> Liefde (abstrak) Navorsing (soort) Direksie (versamelnaam) Vriendelikheid (abstrak)

<i>Woordsoorte</i>	
<b>Byvoeglike naamwoorde</b>	<b>Tussenwerpsels</b>
<b>Hulpwerkwoorde</b>	<b>Koppelwerkwoorde</b>
<b>Selfstandige werkwoorde</b>	<b>Voornaamwoorde</b>
<b>Bywoorde</b>	<b>Lidwoorde</b>
<b>Voorsetsels</b>	<b>Telwoorde</b>
<b>Voegwoorde</b>	<b>Selfstandige naamwoorde</b>

## **Werkopdrag**

Pas die woorde volgens woordsoorte in die korrekte blok.

Die man se **liefde** vir sy sieklike vrou is opreg.

Die medisyne vir hoofpyne **is ons s'n**.

Die **kollektiewe** veiligheid van die gemeenskap word op die hart gedra.

Verskeie mense is geïnfecteer **met** die M1-virus.

Die teater **waarin** hulle **opereer**, is goed toegerus.

Hy is **verreweg** die beste narkotiseur.

Daar is 'n **nypende** tekort **aan** medici in **die** land.

Dit **blyk** asof die behandeling suksesvol is.

Met sy **navorsing** oor vigs gaan **die** dokter dit nog ver bring.

Hy **heet** dokter Mkhulu omdat hy groot gebou is.

Dit is die **sewentigste** pasiënt wat **by** ongevalle aangemeld is.

Die hospitaal se **direksie** het besluit om die opnamefooie te verhoog.

Sy weet **werklik** nie wat haar makeer nie.

Hy het **ruggelings** neergestort toe hy geskiet is en moes dadelik noodbehandeling ondergaan.

**Eina**, dis seer om 'n tand te trek.

**Terwyl** hy siek was, het sy geliefde hom besoek.

Die **niksvermoedende** pasiënt moes **'n** noodoperasie ondergaan.

Hy moet eers aansterk **alvorens** hy uit die hospitaal ontslaan **kan** word.

Die skaam pasiënt **bloos** as sy ondersoek word.

Die **vriendelikheid** van die verpleegsters is opvallend.

Sy stap **buitentoe** om vars lug te skep.

**Desnieteenstaande** die behandeling, het die pasiënt gesterf.

Daar is **sewe** dokters wat aan die navorsingsprojek werk.

**Helaas**, die draadjies kom vandag van my tande af.

**Diegene** wat gereeld oefen, sal fiks en gesond wees.

Hy is gesond, **want** hy drink **gereeld** sy vitamieë.

Dit is die **soveelste** toets wat op die sieke gedoen is.

Ons moet **mekaar** help in tye van nood.

Die **onooglike** wond **het** lank geneem om te genees.

Wat **de** duiwel **maak** jy in 'n hospitaal?



## Aktiwiteit 4: Verrykingsopdrag – funksiewisseling van woordsoorte

### Voorgestelde antwoorde

1. Die vlytige vrou tjie **in** (oorganklike werkwoord) fondse vir die **liefdadigheidsprojek** (selfstandige naamwoord – soortnaam).
2. Vrees **verkramp** (oorganklike werkwoord) sy hart, want hy is **doodbang** (byvoeglike naamwoord, predikatief gebruik).
3. Die meisie **grap** (onoorganklike werkwoord) en sê dat sy haar medisyne weggegooi het.
4. Die groep stappers **streep** (onoorganklike werkwoord) teen die berg uit.
5. 'n Mens **ky en jou** (oorganklike werkwoord) nie 'n spesialis nie.
6. Die spreekwoord lui **Eerlik** (eienaam) het 'n os geslag en Fatsoenlik het hom opgeëet.
7. Die meisie is so **bang** (byvoeglike naamwoord, predikatief gebruik) vir 'n tandarts soos die duiwel vir 'n slypsteen.
8. Ek **bang** (oorganklike werkwoord) nie 'n inspuiting nie.
9. Dit was 'n **saai** (byvoeglike naamwoord, attributief gebruik) lesing oor virologie.
10. Die MI-virus **saai** (oorganklike werkwoord) chaos onder ons bevolking.
11. Die professor **dors** (oorganklike werkwoord) steeds na meer mediese kennis.
12. Na die operasie is die pasiënt baie **dors** (byvoeglike naamwoord predikatief gebruik) en het vir water gevra.
13. Die pasiënt lyk maar **oes** (bywoord van wyse) na die operasie.
14. Die **oes** (selfstandige naamwoord – soortnaam) op die land lyk baie belowend.
15. Hy **korrel** (oorganklike werkwoord) die druiwe en eet dit, want dit is gesond.
16. Hy eet die druiwe **korrel vir korrel** (bywoord van wyse).
17. Die verwers **wit** (oorganklike werkwoord) die hospitaalmure wat muf en klam is van die seesproei.
18. Die **wit** (selfstandige naamwoord – soortnaam) van die pasiënt se oog is bloedbelope.
19. **Nugter** (onbepaalde voornaamwoord) weet wanneer die boemelaar **nugter** (bywoord van wyse) geword het.
20. **Vra** (onoorganklike werkwoord) gerus, want **vra** (selfstandige naamwoord soortnaam) is vry en die weier daarby.

## Aktiwiteit 65: Geïntegreerde lees- en taal oefening

### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Watter woordspeling kom daar in die titel voor?  
**Die woorde lae luis verwys na die persoon wat die poets gebak het sowel as na die luisse ter sprake in die teks.**
2. Vorm 'n werkwoord van die woord *reaksie* (paragraaf 2) in die volgende sin:  
Die gesondheidsbeampte het heftig (reaksie) toe hy van die luisse hoor. **Gereageer.**
3. Waarom word *Rustenburg Herout* (paragraaf 2) met hoofletters geskryf?  
**Dit is 'n naam van 'n publikasie.**

4. Die woord *agt* (paragraaf 3) is van toepassing.
- 4.1 Vorm 'n rangtelwoord van die woord *agt* in die volgende sin:  
Hy het (*agt*) gekom in die wedloop. **Agste.**
- 4.2 Skryf die wisselvorm van dié woord neer. **Ag.**
5. “Sy advertensie was bondig” (paragraaf 3).
- 5.1 Van watter woord is die woord *bondig* afgelei? **Bind.**
- 5.2 Gebruik die woord *was* in twee ander betekenisverbande in kort sinne.  
**Die seun was sy hare nadat hy hokkie gespeel het.**  
**Daar is was in sy ore.**
6. Watter betekenis besit die voorvoegsel *on-* in die woord *ongelooflik* (paragraaf 4)? Skryf ook die basis van hierdie woord neer sodat die betekenis van dié woord daaruit sal blyk.  
**Die voegsel *on-* beteken *nie*: dus *nie glo nie*.**
7. In paragraaf 4 word die woord *afgelewer* as een woord gebruik. Gebruik nou dié woord as twee woorde in 'n sin.  
**Hy lewer die koerant af.**
8. Skryf die getal 300 in woorde uit.  
**Driehonderd.**
9. Die woord *herken* kom in paragraaf 8 voor. Gebruik nou die woord *erken* in 'n sin sodat die verskil in betekenis duidelik daaruit blyk.  
**Hy herken haar na soveel jare.**  
**Hy erken dat hy nog lief is vir haar.**
10. Wat beteken dit as iemand *lont ruik* (paragraaf 8)?  
**Hy vermoed onraad.**
11. “Sy foon het begin *lui*.” (paragraaf 10). Die poetsbakker is te *lui* om al die navrae te beantwoord. Die woord *lui* word in voorafgaande sinne in twee verskillende betekenisverbande en woordsoorte gebruik. Eersgenoemde is 'n werkwoord wat die klank van die selfoon aandui. Laasgenoemde is 'n byvoeglike naamwoord wat aandui dat die persoon lui is. Gebruik nou die woord *lui* in nóg 'n ander betekenisverband as bostaande.  
**Die gesegde *lui*: hoe kaler jonker, hoe groter pronker.**
12. Vorm 'n persoonsnaam van die woord *telery* (paragraaf 10).  
**Teler.**
13. Die woord *bosluisse* en *kopluisse* se kern is dieselfde. Wat word daardeur geïmpliseer?  
**Die kern *luis* impliseer dat albei op 'n gasheer teer en leef.**
14. Wat wil die persoon eintlik weet as hy vra: “Het hulle papiere?” (paragraaf 12)?  
**Eintlik wil die persoon weet of die luisse geregistreer is.**
15. Die woord *aanbeveel* kom in paragraaf 13 voor. Vorm 'n sterk verlede deelwoord van dié woord in die volgende sin:  
Hy het die (aanbeveel) dosis oorskry en die luis 'n oordosis ingedien. **Aanbevole.**

16. Waarom kan die woord *klein* soos gebruik saam met *klein hondjies* (paragraaf 13) as woordoortolligheid beskou word?

**Die verkleinwoord *hondjie* impliseer reeds dat hulle klein is. Dus is die woord *klein* oortollig.**

17. Gee die korrekte vorm van die woord *epidemie* (paragraaf 14) en voltooi die uitdrukking in die volgende sin:

Kopluse teel vinnig aan en kan **epidemiese afmetings** aanneem.

18. Watter betekenisverandering sal daar wees as die woord *bosluis* (paragraaf 11) met 'n koppelteken gespel word?

**Dan sal dit verander in bo-sluis (die sluis wat bo is, nie onder nie).**

## Dieregiere en maniere

Aktiwiteit 66: Radiopraatjie

### Aktiwiteit 67: Muskiete – 'n lees oefening

*Vrae en voorgestelde antwoorde*

*Muskiete-jag*

1. Leerders bestudeer die titel *[in]sae* noukeurig.

1.1 Voltooi die volgende sin: *[in]sae* is die naam van die... **rubriek**.

1.2 Wat beteken die woord *insae*?

**Kennis maak met iets / om in te sien / om kennis van te neem.**

1.3 Waarom staan die *[in]* tussen hakies? Waarna verwys dit?

**Dit verwys na die *in* van *Insig*. Dit is 'n woordspeling op die *in* van die tydskrif *Insig* waarin dit voorkom.**

2. Wat is die verband tussen die eerste en die tweede paragraaf? Watter woord bind dié twee paragrawe?

**Die vraag word in paragraaf 1 gevra en dan word dit in paragraaf 2 beantwoord. Die woord *gevoel* bind die twee paragrawe.**

3. Verduidelik in jou eie woorde wat die woord *vervolgingswaan* beteken.

**Dit is 'n geestesiekte waarby 'n persoon verbeel hy word gedurig vervolgd of agtervolg.**

4. Haal 'n woord uit die teks aan wat dieselfde beteken as koolsuurgas.

**Koolstofdiksied.**

5. Hoeveel persent van die 350 chemiese stowwe oefen nie 'n invloed uit op die muskiete se prooikeuse nie? **90%**.

6. "...is dit logies dat die ongelukkiges onder ons gewilder sal wees by die klein jagtertjies" (paragraaf 4). Skryf die pleonasme (woordtoortligheid) in bostaande sin neer en verduidelik watter gevoel daardeur geskep word.

**Die woord *klein* is oortollig, want die verkleining word reeds gebruik. Hier is dus 'n dubbele verkleining. Die verkleining beklemtoon die gevoel van die magtelose irritasie.**

7. Skryf die kern van paragraaf 4 neer deur op die volgende vraag te antwoord:

Wat maak dit so ingewikkeld om die muskiet se prooikeuse te bepaal?

**Mense het verskillende bakteriële aktiwiteite op hulle velle en die muskietspesies het ook verskillende voorkeure.**

8. Watter suggestie lê daar verskuil in paragraaf 5?

**Muskietweerders werk nie so goed soos wat vervaardigers of advertensies beweer nie.**

*Somer is muskiettyd*

9. Leerders bestudeer die woorde *nare bloedsuiende ongediertetjies* (paragraaf 6).

9.1 Watter gevoel of emosie gaan met die gebruik van dié woorde gepaard?

**Afkeer.**

9.2 Wat beteken die voegsel *on-* in die woord *ongediertetjies*?

**Die voorvoegsel *on-* beteken hier *slegte*.**

9.3 Watter kontras (paradoks) kom in hierdie woorde voor?

**Die gebruik van die verkleining vorm 'n kontras met die woorde *nare bloedsuiende*.**

10. Watter funksie vervul die gebruik van die ellips aan die einde van paragraaf 6?

**Die leser kan homself indink hoe dié diertjies 'n mens se lewe versuur.**

11. Waaraan kan die mens hom troos?

**Net 'n paar van die 3 000 muskietsoorte byt 'n mens.**

12. Haal die gevoelswoord uit paragraaf 9 aan en skryf neer watter gevoel daarmee bewerkstellig word.

**Helaas. Dit gee smart of teleurstelling of leed weer.**

13. Skryf 'n woord uit die teks neer wat dieselfde beteken as...

13.1 iets wat meer verduur kan word – **draagliker**

13.2 'n vloeistof wat aangestryk word – **smeermiddel.**

Aktiwiteit 68: Hersiening van die letterkunde – roman en gedigte

Aktiwiteit 69: Die skryf van 'n inligtingstoespraak

## **Aktiwiteit 70: Polisie hond gered – 'n lees-, kyk- en geïntegreerde taaloefening**

***Vrae en voorgestelde antwoorde***

1. Bestudeer die illustrasie noukeurig en beantwoord die volgende vrae:

1.1 Verduidelik die twee motors wat op die agtergrond sigbaar is.

**Die een is die polisievoertuig en die ander is die bakwerk sonder die voorhaker wat die diewe daar afgehaak het.**

1.2 Watter klanknabootsende kontraste word uitgebeeld?

**Die grom en bytgeluid van die hond en die uitroep van pyn van die dief.**

1.3 Waar vind hierdie gebeure plaas?

**In die lang gras langs die pad.**

1.4 Waaruit kan jy aflei dat die dief nie geïdentifiseer wil word nie?

**Hy het 'n mus en 'n masker aan. Hy het handskoene aan sodat sy vingerafdrukke nie iewers agterbly nie.**

2. Haal 'n emotiewe woord uit die eerste paragraaf aan en gee ook 'n meer neutrale woord daarvoor.

**Verseg. Die neutrale woord is *geweier*.**

3. Watter soort teks is hierdie? Waaruit het jy die afleiding gemaak?

**Hierdie is 'n koerantberig. Die teks kom uit die koerant *Rapport*. Hierdie is 'n tipiese berig wat die vrae *Wie? Wat? Waar? Wanneer?* en *Hoe?* beantwoord.**

4. Hoeveel polisiehonde het insp. Bennet tot dusver verloor? Watter leestegniek het jy gebruik om hierdie antwoord te kry?

**Tien honde. Vluglees (ook in 'n mate soeklees).**

5. Haal die infinitief uit die sin in die eerste paragraaf aan.

**Om te los / om te wurg.**

6. Waarvoor staan die afkorting "insp." (paragraaf 2)?

**Inspekteur.**

7. Waarom word die woord *honde-eenheid* (paragraaf 2) met 'n koppelteken geskryf, maar veearts (paragraaf 12) daarsonder?

**By die woord *honde-eenheid* is daar 'n opeenhoping van klinkers, maar by die woord *veearts* is daar geen verwarring ten opsigte van die uitspraak nie.**

8. Die woord *masseer* kom in paragraaf 2 voor. Wat noem 'n mens 'n vrou wat masserings doen?

**Masseuse.**

9. Skryf die afkorting vir Woensdag (paragraaf 3) neer.

**Wo.**

10. Gee 'n sinoniem vir die woord *luidens* in paragraaf 4.

**Volgens.**

11. Gebruik die skeibare werkwoord *ingespat* as twee woorde (dus geskei) in 'n sin.

**Hulle het in twee rigtings gespat.**

12. Gee die korrekte vorm van die woord verdwyn (paragraaf 7) in die volgende sin: Die (verdwyn) misdadiger het in die bosse geskuil.

**Verdwene.**

13. Skryf 'n voorbeeld van 'n byvoeglike naamwoord (attributief gebruik) uit paragraaf 7 neer.

**Digte.**

14. Bestudeer die gebruik van die woord *sig* in paragraaf 7.

- 14.1 Van watter woord is *sig* afgelei?

**Sien.**

- 14.2 Gebruik die woord *sig* in 'n ander betekenisverband as in die teks. (1)

**Enige sin met sig in 'n ander betekenisverband as in die teks: Sy het die rok op sig geneem om te kyk of dit by haar skoene pas.**

- 14.3 Gee die korrekte vorm van die woord *kollega* in die volgende sin: Hulle het (kollega) met mekaar omgegaan.

**Kollegiaal.**

15. "... die booswig (het) hom **in** 'n kopklem beetgehad..." (paragraaf 9). Die woord *in* is 'n voorsetsel. Voltooi die voorsetsels in die volgende:

15.1 Hy wil **agter** die waarheid kom.

15.2 Hy het maar **na** eie goeddunke gehandel.

15.3 Die dief is **in** arres.

Week 19 en 20 word gebruik vir die halfjaareksamen.

Aktiwiteit 71: Mondelinge eksamen

Aktiwiteit 72: Die studie van die letterkunde – roman

Aktiwiteit 73: Skriftelike eksamen

Sien voorbeeldvraestelle in aparte lêer.